**WERKKAART 1**
**LOERLEES**

---

Welkom terug na die lekker lang vakansie. Dit is 'n nuwe jaar en *Piekfyn Afrikaans Graad 5* gaan nuwe uitdagings aan jou stel. Kom ons beskou *Piekfyn Afrikaans Graad 5* bietjie van ander sodat jy kan sien watter verrassings daar op jou wag. Jy benodig jou *Piekfyn Afrikaans Graad 5* om die volgende loerleesvrae te beantwoord.

---

1 'n Boek soos *Piekfyn Afrikaans Graad 5* is deur kundige skrywers en onderwysers geskryf. Hoeveel skrywers het saam aan *Piekfyn Afrikaans Graad 5* gewerk?

2 Pas die skrywer se van in kolom B by hul naam in kolom A.

| Kolom A Naam | Kolom B Skrywer se van |
|---|---|
| a) Suzette | Lamprecht |
| b) Rina | Smit |
| c) Marlene | Groenewald |
| d) Nelmari | Brümmer |
| e) Minda | Venter |

3 Blaai nou na die titelbladsy in die boek.
   a) Wie is die uitgewer van *Piekfyn Afrikaans Graad 5*?
   b) Waar is hulle kantoor geleë?

4 Blaai nou om. Aan jou regterkant sal jy die inhoudsopgawe sien en aan die linkerkant 'n bladsy met aanvullende inligting oor die boek, uitleg, ensovoorts. Hierdie bladsy word die kolofonbladsy genoem. Bestudeer nou hierdie bladsy.
   a) Die hoeveelste uitgawe is jou *Piekfyn Afrikaans Huistaal Graad 5*?
   b) Skryf die uitgewer se faksnommer neer as jy navraag wil doen.
   c) Wie het die pragtige buiteblad en illustrasies ontwerp en geteken?
   d) As jy 'n afskrif van die boek maak, wat moet jy eers doen?

Bestudeer nou die inhoudsopgawe van die boek.

5 Elke module het 'n bepaalde tema. Watter modules se temas is die volgende?
   a) Sit woema in jou siek lyf . . .
   b) Entrepreneurs, wie is hulle?
   c) Steen en sement is die fondament
   d) Al eeue 'n reënboognasie
   e) 'n Reis deur Suid-Afrika

6 Soeklees nou die inhoudsopgawe vir die volgende antwoorde:
a) Die digter van "Kuierkat" in module 1.
b) Die prosateks se titel in module 4 wat deur Lidia Gittens geskryf is.
c) Die twee tipes skryfstukke wat jy in module 5 gaan skryf.
d) Al die taalstrukture wat jy in module 7 gaan leer.

Lees nou die voorwoord deur.

7 Watter drie siektetoestande word in module 3 aangespreek?

8 Op die omslag (voorblad) kom 'n blou en wit logo voor. Watter hulp bied hierdie organisasie volgens die voorwoord by module 3?

9 Die voorwoord noem ook die funksie van *Pitkos* en *In 'n neutedop* wat in elke module voorkom. Wat is die doel van elkeen?

Blaai nou na die omslag se agterste bladsy. Hierdie bladsy word die agterplat genoem. Lees en bestudeer die inligting noukeurig.

10 Wie is die teikengroep van *Piekfyn Afrikaans Graad 5*?

11 Elke aktiwiteit het 'n bepaalde doel. Watter vaardighede gaan jy bereik as jy die aktiwiteite uitvoer?

12 Skryf die boek se strepieskode (ISBN) neer.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) henk.viljoen@nb.co.za.